

MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD

ATERBUTREX ® 500 SC

Reg no L 6586 Act / Wet 36 / 1947

A suspension concentrate herbicide for the control of annual broadleaf weeds and grasses as listed in maize.

'n Suspensiekonsentraat onkruidodder vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruid en grasse soos aangetoon in mielies.

ACTIVE INGREDIENTS / AKTIEWE BESTANDELE

Atrazine (triazine).....250 g / ℓ.....Atrasien (triasien)

Terbutryn(triazine).....250 g / ℓ.....Terbutrien (triasien)

NET VOLUME / NETTO VOLUME

.....ℓ

REGISTRARION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD

Reg no 92/01741/07

21 Viben Street

PO Box 498

Brackenfell

7560

Batch number

Lotnommer

Date of Manufacture

Datum van Vervaardiging

ATERBUTREX ® 500 SC is the registered trade mark of Makhteshim-Agan Israel
ATERBUTREX ® 500 SC is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan Israel

(blou / blue)



CAUTION
VERSIGTIG



WARNINGS

Poisonous when swallowed.

May be irritating to the eyes.

May cause skin sensitization by skin contact.

Store in a cool dry place away from food, feeds, seed and other agricultural remedies.

Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.

Toxic to aquatic organisms.

Aerial application:

Aerial application of **ATERBUTREX 500 SC** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SABS Code 0118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 litres per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- Droplet coverage: 20 to 30 droplets per cm² must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 350 to 400 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8°C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
 - a) reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - b) damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration

holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

Avoid inhalation of spray and fumes.

Avoid contact with the skin and eyes. In case of eye contact wash with water for 15 minutes.

Wash with soap and water after use.

Remove contaminated clothing and wash with soap and water after use.

Do not eat, drink or smoke during mixing or application of the product or before hands and face are washed.

Prevent contamination of food, drinking water and eating utensils.

Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or any area not under treatment.

Clean applicator thoroughly and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams, boreholes or any other area not under treatment.

Do not apply where the roots of desirable plants can absorb the chemical.

Do not mix and load at least 15 m from boreholes, streams, rivers or dams.

Do not apply within at least 60 m from dams.

Ensure that no back siphoning to boreholes take place when **ATERBUTREX 500 SC** is applied through the irrigation system.

IMPORTANT:TRIPLE RINSE

Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner. Never use the empty container for any other purpose.

USE RESTRICTIONS

1. To avoid damage to follow on crops the following waiting periods should be taken into consideration after application of **ATERBUTREX 500 SC**

a. Maize and sugarcane	Geen
b. Grain sorghum	12 months
c. Sunflower, small grain, dry beans, groundnuts, soyabeans, Forage sorghum and potatoes	18 months
d. All other crops (a test planting is never the less recommended)	24 months
e. Where the total rate of ATERBUTREX 500 SC applied per season does not exceed 4,0 l / ha (1,0 kg atrazine active), the waiting periods mentioned under b and c can be reduced to 9 months except in the case of sandy soils of North West province and North West Free State on soils containing less than 10 % clay.	

NOTE: The above mentioned waiting periods will only be valid if the correct quantity of **ATERBUTREX 500 SC** has been applied according to the soil type and an average or above average rainfall has been experienced during and after the season the **ATERBUTREX 500 SC** has been applied.

2. If **ATERBTREX 500 SC** is applied to soils which expand on wetting and crack or crumble on drying out, such as turf soils, **ATERBUTREX 500 SC** may remain active much longer in the soil than above mentioned waiting periods. **ATERBUTREX 500 SC** should not be applied to such soils if it is contemplated to plant Atrazine sensitive crops in the foreseeable future. On these soils weeds may also not be controlled satisfactory by a pre-emergence application of **ATERBUTREX 500 SC**.
3. Do not apply **ATERBUTREX 500 SC** to inbred parent lines of maize as well as experimental or newly released cultivars without first consulting the manufacturer or seed supplier.
4. Do not apply **ATERBUTREX 500 SC** to soils with less than 10 % clay that is subjected to wind erosion.

DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED

COMPATIBILITY

The compatibility of **ATERBUTREX 500 SC** with other compounds can be influenced by the formulation of these products as well as the quality of the dilution water. As the formulation of some of the products can change without the previous knowledge of MAKHTESHIM AGAN and the quality of water can vary from farm to farm, it is always advisable to do a physical compatibility test.

ATERBUTREX 500 SC is compatible with **ALANEX 384 EC, ALANEX 480 SC, 2,4-D AMINE 480** and the pyrethroid insecticides.

MIXING INSTRUCTIONS

Half fill the spray tank with clean water and add the necessary volume of **ATERBUTREX 500 SC** to the tank while agitating. Fill the spray tank with water while agitation is continued. If **ATERBUTREX 500 SC** is used in a tank mix with other products the **ATERBUTREX 500 SC** is added to the half filled spray tank. The spray tank is then filled nearly to capacity with clean water before the complementary product(s) is added to the spray tank. The spray tank is then filled to capacity. It is important that agitation of the spray mix is kept up during the mixing process as well as during application.

APPLICATION

All spray equipment must be accurately calibrated prior to application. To ensure a uniform distribution flat fan nozzles should be used.

ATERBUTREX 500 SC on maize must be applied pre-emergence of weeds during or immediately after planting in a freshly cultivated seedbed. The seedbed must be fine, even and firm free of large clods and excessive plant residues. It is preferable that rain should follow within 7 – 10 days after application in order to leach the **ATERBUTREX 500 SC** into the top layer of the soil where it can be absorbed by the germinating weeds. Should dry weather conditions prevail after application and weeds start to germinate, a

shallow cultivation should be done to control these weeds and to incorporate the herbicide into the top 10 to 20 mm layer of soil.

GROUND APPLICATION

ATERBUTREX 500 SC can be applied by any medium- or high volume applicator provided it is fitted with an effective agitation mechanism. To ensure good coverage and an even distribution, the applicator should be fitted with flat fan nozzles and be calibrated to deliver at least 200 l water / ha.

AERIAL APPLICATION

ATERBUTREX 500 SC may be applied by aerial application, provided the spray mixture is distributed evenly over the target area and the loss of spray mixture during application is limited to a minimum. To meet above, the following requirements must be adhered to:

- Use only a conventional boom fitted with flat fan nozzles eg. SS6515 or equal.
- A minimum spray volume of 30 l water per ha must be used.
- A minimum of 20 – 30 droplets per cm² must be recovered on the target area.
- Use a droplet spectrum with a VMD of 450 micron.
- Maintain a flying height of three meters above the target area at wind speeds of 0 – 8 km / h and two meters at 8 – 15 km / h.
- Stop spraying when the wind speed exceeds 15 km / h.
- The difference between the wet and dry bulb reading, as determined with a whirling hygrometer should not exceed 8 °C.
- Do not spray during the heat of the day.
- Ensure that the lands are properly marked.

It is essential that assurance is obtained from the spray operator that the above mentioned requirements will be adhered to.

APPLICATION RATES

MAIZE

1. Pre-emergence for the control of mainly annual broadleaf weeds.

% CLAY	ATERBUTREX (l / ha)	OPMERKINGS
0 - 35	4,0 l	This application rate is for overall application of the herbicide. According lesser amounts should be applied for bank treatment. Do not apply to soils with less than 10 % clay that is subjected to wind erosion.

2. Pre-emergence for the control of annual broadleaf weeds and grasses in combination with ALANEX 384 EC and ALANEX 480 CS

% CLAY	ATERBUTREX (l / ha)	ALANEX 384 EC (l / ha)	ALANEX 480 CS (l / ha)	OPMERKINGS
0 – 15 %	3,0 l	2,0 l	2,0 l	These application rates are for overall applications. According lesser amounts should be applied for band application. ATERBUTREX 500 SC, ALANEX EC and ALANEX CS is not recommended on soils with a clay content of 0 – 10 % that is subjected to wind erosion.
> 15 %	4,0 l	2,0 l	2,0 l	

**WEEDS CONTROLLED BY ATERBUTREX AT 4,0 l / HA /
ONKRUIDE BEHEER DEUR ATERBUTREX TEEN 4,0 l / HA**

WEED / ONKRUID	COMMON NAME	ALGEMENE NAAM
<i>Ageratum conyzoides</i>	Blue weed	Indringer ageratum
<i>Amaranthus deflexus</i>	Perennial pigweed	Meerjarige misbredie
<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed	Gewone misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Thorny pigweed	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Red pigweed	Rooimisbredie
<i>Bidens pilosa</i>	Blackjack	Knapsekêrel
<i>Chamaesyce hirta</i>	Red milkweed	Rooimelkkruid
<i>Chamaesyce inaequilatera</i>	Smooth creeping milkweed	Gladde kruipmelkkruid
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot	Withondebossie
<i>Chloris pycnothrix</i>	Spiderwebb-Chloris	Spinnerak-chloris
<i>Convolvulus arvensis</i>	Field bindweed	Akkerwinde
<i>Datura ferox</i>	Large thornapple	Grootstinkblaar
<i>Datura stramonium</i>	Thorn apple	Stinkblaar
<i>Galinsoga parviflora</i>	Gallant soldier	Knopkruid
<i>Ipomoea purpurea</i>	Morning glory	Purperwinde
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane	Porslein
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish	Ramenas
<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropical Richardia	Tropiese richardia
<i>Senecio polyanthemoides</i>	Ragwort	Krakerbossie
<i>Tagetes minuta</i>	Tall khaki weed	Langkakiebos
<i>Tribulus terrestris</i>	Common dubbeltjie	Dubbeltjie
<i>Tridax procumbens</i>	Tridax daisy	Aster
<i>Urochloa panicoides</i> *	Herringbone grass	Beesgras

* Control may be variable / Beheer mag wisselvallig wees.

WAARSKUWINGS

Giftig indien ingesluk.

Irriterent vir die oë.

Mag sensitisering deur velkontak veroorsaak.

Bêre in 'n koel, droë plek, weg van voedsel, voer, saad, kunsmis en ander landbouchemiese middels.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Lugtoediening:

ATERBUTREX 500 SC kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 0118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van 30 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 20 tot 30 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 tot 400 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieg hoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats – en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir die skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op die mens of diere of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

Moet nie die dampe of spuitnewel inasem nie.

Vermý aanraking met die vel en oë. In geval van oogkontak spoel met water uit vir ten minste 15 minute.

Was hande en gesig met seep en water na gebruik.

Trek besoedelde klere uit en was met seep en water na gebruik.

Moet nie eet, drink of rook gedurende vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.

Verhoed die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Verhoed dat die spuitnewel oorwaai na ander gewasse, weiding, riviere, damme of enige ander gebied wat nie onder behandeling is nie.

Maak die toediener deeglik skoon na gebruik en moet nie die waswater uitgooi waar dit gewasse, weiding, riviere, damme, boorgate of enige ander gebied wat nie onder behandeling is, kan besoedel nie.

Moet nie toedien waar wortels van gewenste plante die middel kan absorbeer nie.

Moet nie meng en laai binne 15 m van boorgate, strome, riviere of damme nie.

Moet nie binne tenminste 60 m van damme toedien nie.

Verseker dat geen terugsyfering van **ATERBUTREX 500 SC** kan plaasvind na boorgate toe as dit deur die besproeiingsstelsel toegedien word nie.

BELANGRIK: DRIEDUBBELE UITSPOELING

Keer die leë houer om oor die spuit-of mengtenk en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeï tot ‘n gedrup verander het. Spoel die houer daarna drie keer uit met ‘n volume water gelykstaande aan ‘n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Voeg die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word. Vernietig die leë houer en moet dit vir geen ander doel aanwend nie.

GEBRUIKSBEPERKINGS

1. Om beskadiging van opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes toegepas word:
 - a) Mielies en suikerriet.....Geen
 - b) Graansorghum.....12 Maande
 - c) Sonneblom, kleingraan, droë bone, grondbone, sojabone, voersorghum en aartappels.....18 Maande
 - d) Alle ander gewasse (‘n toetsaanplanting word in elk geval aanbeveel).....24 Maande
 - e) As die totale hoeveelheid **ATERBUTREX 500 SC** nie 4,0 l per ha in die seisoen oorskry nie (1,0kg atrasiens aktief), kan die wagperiodes soos genoem onder b) en c)

verminder word na 9 maande, behalwe in die geval van sanderige grond in die Noordwes Provinsie en Noord Wes Vrystaat waar die kleipersentasie laer as 10% is.

BELANGRIK: Bogenoemde wagperiodes is alleenlik van krag as die korrekte hoeveelheid ATERBUTREX 500 SC volgens grondtipe toegedien is en 'n gemiddelde of 'n bogemiddelde reënval in die seisoen waartydens die ATERBUTREX 500 SC toegedien is, voorgekom het.

2. As **ATERBUTREX 500 SC** op gronde toegedien word wat geneig is om uit te sit tydens benatting en kraak of verkrummel tydens uitdroging, soos byvoorbeeld turfgronde, mag dit wees dat **ATERBUTREX 500 SC** langer in die grond aktief bly as wat bogenoemde wagperiodes aandui. **ATERBUTREX 500 SC** moet liever nie op sulke gronde toegedien word nie as dit voorsien word dat atrasiengevoelige gewasse in die voorsienbare toekoms geplant gaan word. Onkruidbeheer op hierdie tipe gronde mag dalk ook nie bevredigend wees na 'n vooropkom toediening van **ATERBUTREX 500 SC** nie.
3. **ATERBUTREX 500 SC** moet nie op ingeteelde ouerlyne by mielies of eksperimentele of nuutvrygestelde variëteite gebruik word alvorens die verskaffer of die saadmaatskappy geraadpleeg is nie.
4. **ATERBUTREX 500 SC** moet nie op gronde wat minder as 10% klei bevat en onderhewig is aan winderosie toegedien word nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **ATERBUTREX 500 SC** met ander verbindings kan deur die formulering van hierdie produkte of die kwaliteit van die verdunningswater beïnvloed word. Omdat die formulering van sommige produkte sonder die medewete van MAKHTESHIM-AGAN kan verander en waterkwaliteit kan verander van plaas tot plaas is dit altyd wenslik om 'n fisiese mengbaarheidstoets te doen.

ATERBUTREX 500 SC is verenigbaar met **ALANEX 384 EC**, **ALANEX 480 CS**, **2,4 D-AMINE 480** en die piretroïed insekdoders.

MENGINSTRUKSIES

Vul die spuittenk halfvol met skoon water en voeg die benodigde hoeveelheid **ATERBUTREX 500 SC** in die tenk terwyl geroer word. Vul die spuittenk met skoon water terwyl gedurigdeur geroer word. Indien **ATERBUTREX 500 SC** met ander produkte gemeng word, word die **ATERBUTREX 500 SC** eerste in die halfgevolle tenk gevoeg, daarna word die tenk tot amper op die merk gevul waarna die ander middel(s) bygevoeg word. Dit is belangrik om daarop te let dat die mengsel gedurigdeur geroer moet word.

TOEDIENING

Sorg moet gedra word dat alle spuittoerusting akkuraat voor toediening gekalibreer is. Om 'n eweredige bedekking op die grond te verkry moet van platwaaierspuitpunte gebruik gemaak word.

ATERBUTREX 500 SC op mielies moet vooropkom van onkruid, tydens of net na plant, op 'n pasbewerkte saadbed toegedien word.

Die saadbed moet eweredig fyn en ferm sonder enige groot kluite en oormatige plantreste wees. Reën binne 7-10 dae na toediening van **ATERBUTREX 500 SC** is nodig om dit in die boonste grondlaag in te loog waar dit deur die wortels van onkruid geabsorbeer kan word. Sou dit egter nie reën nie en onkruid begin ontkiem, kan 'n vlak bewerking uitgevoer word om die onkruid te beheer en sodoende die onkruidoder in die boonste 10-20 cm grondlagie in te werk.

GRONDTOEDIENING

ATERBUTREX 500 SC kan deur enige medium- of hoë volume toedieningsapparaat toegedien word, mits dit met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is. Om te verseker dat 'n goeie eweredige bedekking verkry word, moet van platwaaierspuitpunte gebruik gemaak word en in ten minste 200 l water per hektaar toegedien word.

LUGTOEDIENING

ATERBUTREX 500 SC kan deur middel van lugtoediening aangewend word, mits die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en die verlies daarvan tydens toediening tot 'n minimum beperk word.

Om aan die bogenoemde te voldoen, moet die volgende vereistes nagekom word:

- Daar moet van 'n konvensionele spuitbalk, toegerus met platwaaierspuitpunte soos bv. SS6515 of soortgelyk, gebruik gemaak word.
- 'n Minimum spuitvolume van 30 l water per ha moet gebruik word.
- 'n Minimum van 20-30 druppels per cm² moet op die teikengebied herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 450 mikron moet gebruik word.
- 'n Vlieghoogte van 3 m bokant die teikengebied moet gehandhaaf word by windsnelhede van 0-8 km/ uur en 2 m by windsnelhede van 8-15 km/uur.
- Bespuiting moet gestaak word as windsnelhede 15 km/uur oorskry.
- Die verskil tussen die nat- en droë bollesing soos bepaal deur 'n swaaihigrometer moet nie 8°C oorskry nie.
- Moet nie tydens die hitte van die dag spuit nie.
- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is.

Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die spuitoperator te verkry dat aan bogenoemde voorwaardes voldoen sal word.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

MIELIES

1. Vooropkom toediening vir hoofsaaklike beheer van eenjarige breëblaaronkruid

% KLEI	ATERBUTREX (l / ha)	OPMERKINGS
0-35	4,0 l	Die toedieningshoeveelheid is vir algehele toediening. Vir 'n baan toediening moet die toedieningshoeveelheid dienoreenkomstig verminder word. Moet nie op gronde wat minder as 10% klei bevat en onderhewig is aan winderosie toegedien word nie.

2. Vooropkom vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruid en grasse in kombinasie met ALANEX 384 EC of ALANEX 480 CS.

% Klei	Aterbutrex (l/ha)	Alanex 384 EC (l/ha)	Alanex 480 CS (l/ha)	Opmerkings
0-15 %	3,0 l	2,0 l	2,0 l	Toedieningshoevelhede soos vir 'n algehele toediening. Vir baan behandeling moet toedieningshoevelhede dienooreenkomstig verminder word. ATERBUTREX 500 SC, ALANEX EC en ALANEX CS word nie op gronde met 'n kleipersentasie van 0-10% wat geneig is tot winderosie aanbeveel nie.
> 15 %	4,0 l	2,0 l	2,0 l	